# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*



**16 Augustus 2026**

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Welkom by die Hoogland-geloofsfamilie!

As jy vandag vir die eerste keer by Hoogland kuier, as nuwe lidmaat aansluit of as jou kind/jongmens vandag vir die eerste keer by GVG is – dit is regtig lekker om jou en jou gesin hier te hê. Mag jy vandag iets van God se liefde en die warmte van hiérdié geloofsfamilie beleef. Kom drink gerus ná die erediens 'n koppie koffie en maak seker jy stop by die dame by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal. Die leraar sien daarna uit om jou te ontmoet en sal met graagte help dat jy sommer gou tuis voel.

Vir meer inligting kan jy www.pehoogland.co.za besoek, 'n *WhatsApp* stuur na 079 815 9325 en die Kerkkantoor sal jou kontak of 'n "*Nuwe Intrekkers*"-koevert in die brosjurevakkies neem.

## Program van die dag

**09:00** Oggenddiens - Nagmaal : Ds Sunell Ribbens
**10:00** GVG in onderskeie lokale
Ds Pieter en die Finale Fase groep woon die oggenddiens by NG Gemeente *Anchor of Hope* by.
**16:30** Buffelsfonteindiens - Nagmaal : Ds Sunell Ribbens

*Deurkollekte: Sin. Diens van Barmhartigheid*
(...word gebruik om projekte te befonds vir bejaardes, leerders met spesiale onderrigbehoeftes, behoeftige pasiente in hospitale, ondersteuning aan jeugdige moeders en voedingsprojekte.)

## Algemeen

### Program vir die week:

Dinsdag: 18 Augustus
09:30 Bybelstudie oor Vergifnis
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 Bybelstudie oor Vergifnis

Woensdag: 19 Augustus
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 21 Augustus
05:15 Mannebyeenkoms

**Baie, baie dankie vir al die ondersteuning met die Andriëtte vertoning!**
**Dit was beslis 'n aand om te onthou!!**

### Gebedsversoeke

Stuur gerus enige gebedsversoek met vrymoedigheid en in volle vertroulikheid per *WhatsApp* na 079 815 9325 – daar is mense wat graag saam met jou wil bid...

## Erediensbediening | Hier is plek vir jou ...

Elke Sondag is daar baie hande en harte wat help om die erediens 'n warm, verwelkomende ruimte te maak. Dalk wonder jy waar kan jy help en is daar by die Erediensbediening 'n plekkie waar jou gawes en hande gebruik kan word?
Daar is altyd mense nodig om op 'n roterende basis te help met:

- Gesinne wat by die deure kan verwelkom
- Die opneem van dankoffers
- Koffiebediening ná die erediens
- Charis, die sanggroep – soek veral mansstemme
- Die tegniese span – data, kamera en ander tegniese aspekte van die erediens

Gesels gerus met Leandra of Hanlie as jy meer wil weet of voel die Here wil jou op een van hierdie plekke gebruik.

# 'n Geloofsgewoonte

Tiende Dankoffermaand gaan oor veel meer as geld. Dit is 'n uitnodiging om biddend stil te word vir God se goedheid en voorsiening en weer te onthou dat alles wat ons het, uit Sy hand kom.

'n Dankoffer word só 'n geloofsreaksie van dankbaarheid, 'n geloofsgewoonte wat ons perspektief gee op dit wat ons besit, en 'n geloofsdaad van vertroue in God se voorsiening.

Mag Augustus 'n maand wees waarin elkeen eenvoudig vra: Here, hoe lyk dankbaarheid en vertroue in my lewe?

GVG-maats & ouers onthou ook van julle OP PAD-kaarte wat uitgedeel is. Julle stap hierdie geloofspad saam – bring gerus ook jou OP PAD koevertjie saam na die Tiende Dankofferfees op Sondag, 30 Augustus.

Die volgende opsies is beskikbaar:

- EFT Betaling: NG Kerk PE Hoogland | ABSA Tjekrekening: 1400149980
- Kontant: Tiende Dankoffer -koeverte is in die brosjurevakkies en op die banke beskikbaar.
- Kaartbetaling: By die kerk-kantoor.

Snap here to pay

SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland

ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005

Zapper

# Is die Here dalk besig om jou te roep?

Daar is tans vakatures op Hoogland se Kerkraad. Neem asseblief tyd om biddend hierby stil te word en fyn te luister of die Here jou dalk roep om as Gemeenteleier te dien. Indien jy so 'n roeping ervaar, gesels gerus met 'n leraar.

Nominasievorms is beskikbaar in die brosjurehouers of kan by leandra@pehoogland.co.za aangevra word. Voltooide vorms kan tot Maandag, 7 September om 12:00 by die kerkkantoor ingehandig of per e-pos gestuur word.

Mag hierdie proses met gebed en onderskeiding gepaard gaan, in vertroue dat die Here die regte mense sal roep om met liefde, wysheid en diensbaarheid leiding te gee.

## Uit die hart:

Ons ken seker almal daardie oomblik voor 'n reis. Die tas lê oop op die bed. Aanvanklik lyk dit eenvoudig: 'n paar stelle klere, skoene, toiletware - net wat ons nodig het. Maar dan begin die "net ingeval"-goed.

Net ingeval dit koud word. Net ingeval ons dit nodig kry. Net ingeval daar 'n geleentheid is. Net ingeval… en stadig maar seker raak die tas voller. Ons skuif dinge rond. Ons druk in die hoeke in. Ons trek die ritssluiter nader. Soms sit ons selfs bo-op die tas om hom toe te kry. En dan moet ons uiteindelik besluit: *Wat moet regtig saam en wat kan agterbly?*

Ons lewens lyk soms ook so. Ons is almal op pad, maar ons reis nie met leë hande nie. Ons dra herinneringe en drome, verantwoordelikhede en verhoudings. Ons dra vreugde en dankbaarheid, maar soms beland daar ook ander dinge in ons bagasie: ou seerkry, teleurstelling, die behoefte om alles te beheer, om onsself te bewys, om altyd reg te wees of om dinge te laat gebeur soos óns dit beplan het.

Die vreemde ding van bagasie is: ons raak gewoond aan die gewig daarvan. Ons dra dit so lank dat ons later nie meer vra of dit nog saam hóéf te reis nie.

Antoine de Saint-Exupéry het geskryf:
"He who would travel happily must travel light."

Dit geld vir meer as net 'n vakansietas. Ons Op Pad-reis laat ons hierdie week met 'n eenvoudige vraag: Wat dra ons saam bloot omdat ons dit nog altyd saamgedra het?

Nie alles wat deel van ons verlede was, hoef deel van ons volgende tree te wees nie. Nie alles waaraan ons gewoond geraak het, hoef permanent plek in ons bagasie te kry nie.

Hierdie week hoef ons nie nóg iets by ons lewens in te pak nie. Ons kan net vir 'n oomblik ons tas oopmaak en kyk wat daar binne lê en eerlik vra:

*Wat maak ons reis swaarder as wat dit hoef te wees?*

Soms ontdek ons eers hoe swaar iets was wanneer ons dit uiteindelik neersit.

Mag ons hierdie week met meer aandag reis - bewus van wat ons saam dra, maar ook van die mense wat God langs ons pad plaas. As ons hande nie meer so styf vasklou aan alles wat óns wil beheer, beskerm of bewys nie, raak hulle ook vryer om lief te hê, te dien en iets vir 'n ander te beteken. "Só word dit wat ons glo, deel van hoe ons leef en hoe ons met mekaar omgaan."

**Ds Sunell**


HOOGLAND
GHOLFDAG
SPEEL • BORG • ONDERSTEUN
HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade
LITTLE WALMER
GOLFBAAN
24 SEPTEMBER
INSKRYWINGSFOOI
R350 PER SPELER
IPS
...met goeie pryse!
IDEALE BEMARKINGSIDEE
BORG 'N
"GREEN / TEE"
TEEN R1000 / R1500
Uitstekende geleentheid om jou besigheid sigbaar te maak en terselfdetyd Hoogland se bediening te ondersteun.
BESIGHEDE – RAAK DEEL VAN DIE DAG!
NAVRAE / OM TE BORG
Stuur 'n WhatsApp na:
079 815 9325
073 220 7501
#geloofdeurliefdetotdade

# Om God se Stem te Hoor



Hoogland se Gebedsaksie nooi u hartlik uit om tyd saam met die **Koning** te kom spandeer.

**SEMINAAR | 19 SEPTEMBER 2026**

**TYD:** *09H00 - 15H00*

**PLEK:** *PE Hoogland*

**KOSTE:** *R120 pp*

*Verversings en Middagete Ingesluit*


## *Mans & Vroue Welkom*

**Kaartjies beskikbaar by:**

Kerkkantoor (Annalize)
041 367 1485 / 079 815 9325

Caroline
061 451 1402

## GASSPREKERS



Stephan Joubert

&



Betsie Joubert

*Here, spreek, want U dienskneg luister."* 1 Samuel 3:9